Sondag 19 Julie 2020

“Wees sterk en vol moed – Ek is by jou,” sê Hy Wie se Woord vir ons goed is.

“Wees veral sterk en vol moed in die uitvoering van die wet wat my dienaar Moses jou beveel het. Moet daarvan nie links of regs afwyk nie. Dan sal jy voorspoedig wees, waar jy ook al gaan... Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan.”
(Josua 1:7-9)

Die storm van Covid-19 breek nou oor ons as gemeente en gemeenskap, stad en land; *“oral waar jy gaan”* (Josua 1:9) is daar mense wat positief toets, in isolasie tuis bly of siek is. Ons lidmate wat dokters is, verpleegpersoneel, onderwysers, skoliere, studente, besigheidsmense, boere – húlle staan nou in die frontlinies. Om terug te verlang na die “ou tyd” van vóór Covid-19 help ons niks; ons moet nou hierdeur ál is ons bang. Al lê die onbekende voorkant toe en wag. Hoor dan die woorde van ons teksvers: *“Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan”* (Josua 1:9).

Dié woorde – God is by ons – moet egter versigtig gelees word, met die lense van jou bril skoongemaak, by wyse van spreke. Want die boeke Josua en Rigters wat vertel van hoe Israel die land Kanaän ingetrek en verdeel het – óók met bloedige geweld (!) – kan baie maklik gelees word as regverdiging vir politieke- of teologiese aansprake en selfs ‘n “heilige oorlog”... Daarom is dit belangrik om die tyd waarin en die bedoeling waarmee dié twee boeke geskryf is, te verreken: vir generasies lank is dié verhale oorvertel totdat dit waarskynlik in die tyd van Koning Josia van Juda (7e eeu vC) neergeskryf is toe die “wetboek van Moses” herontdek en grootskaalse hervorminge ten goede deurgevoer is, en wéér in die tyd van die ballingskap toe daar gesoek is na antwoorde waarom die land verloor is, die tempel geplunder en Jerusalem verwoes (6e eeu) – tóe is die boeke Josua en Rigters geskryf as “geskiedenis met ‘n boodskap”. En daardie boodskap is die ou bekende woorde oor wysheid en lewe voor God se aangesig; Moses het dit vóór sy dood ook so aan Josua oorgedra: *“Hou moed, wees dapper... leef volgens wat in hierdie wet staan”* (Deut. 31:7 en 12, vgl. ook 30:15-20). Dit is die boodskap van Psalm 1. Dit was uiteindelik ook die boodskap van die Josua – sy naam beteken “verlosser” – van die Nuwe Testament, “Jeshua van Nasaret”! Hy’t bevestig dat lewe in die koninkryk van God liefde vir Hom en vir jou medemens veronderstel. Sou lewe in die nuwe land werklik regverdig en moreel en geseënd in God se oë moes wees, dan is sy Woord daarvoor die rigsnoer.

Richard Röhr, ‘n Franciskaanse teoloog in New Mexico (VSA), sluit in ‘n onlangse meditasie hierby aan: “If we are wise in this time, we will not go back unthinkingly to the old normal. We won’t go back, we’ll go forward.” Laat ons moedskep om deur hierdie rivier te trek en ánderkant dit, ‘n regverdige samelewing voor God se aangesig te gaan opbou – kom, wees dapper daarin, God gaan met ons mee...

JL.

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds.Jan Lubbe en ons orrelis dr.Johan Cromhout. Die diens is vooraf opgeneem in die kerkgebou en word via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *YouTube-kanaal* na al die huise in ons gemeente en verder uitgestuur.

Eredienste volgende Sondae:

Sondag, 26 Julie 09:30 – ds.Johan Marais
Sondag, 2 Augustus 09:30 – ds.Jan Lubbe

Ons bevind ons tans in Koninkrykstyd, dié deel van die kerkjaar ná Pinkster en Drie-Eenheidsondag waarin ons nadink oor die teenwoordigheid en heerskappy van God in sy Skepping en ons daaglikse lewens, op berge en in dale, goeie én moeilike tye. In hierdie seisoen van die kerkjaar lees ons 'n boek of temadeel uit die Ou Testament, en vanjaar blaai ons na Josua, Rigters en Rut – drie boeke oor die geskiedenis van Israel tussen Moses en Dawid, tussen die Uittog uit Egipte en die Koninkryk van Israel, 'n tydperk van so ± 400 jaar (1400-1100 vC). Ons wil jou uitnooi om in hierdie tyd van groot ontwrigting en onsekerheid, by Berg-en-Dal se eredienste in te skakel vir 'n bemoedigende herinnering aan Wie God is en sy Woord vir ons. Ons eredienste word nog ten minste tot begin-September vooraf opgeneem en uitgestuur; daar is ook 'n klankgreep wat minder data gebruik (sonder beeld) en wat jy by 073 180 3193 kan aanvra. Hieronder volg die liturgie – soek dit vooraf op en volg die diens dan saam.

LITURGIE

Wydingsmusiek: "Wees stil my siel..." (Orrel en viool, uit: *Finlandia*)

Aansteek van wydingskers: Liezl Klindt (wat môre, 20 Julie, verjaar)

Votum en seëngroet

Loflied: "God is ons toevlug" (Psalm 46:1 en 3)

Skriflesing: Josua 1:1-9

Kinderverhaal

Gebedslied: "O Verlosser maak my sterk" (Lied 543:2)

Prediking

Verootmoediging: "Ek dink aan verre dae, dink oor U werke na" (Ps 143:2 & 3)

Gesamentlike gebed: "My siel is stil tot U, o God; in U is ons verwagting...

Gemeente: "Ons stort ons harte voor U uit..."

Slotlied: "Guide me, O my great Redeemer" (Hymn 6/Lied 280)

Seënbede

Orrelnaspel: "Here Christus, Seun van God" (JS Bach)

EREDIENS- EN DEURKOLLEKTES:
U kan 'n eredienskollekte na Berg-en-Dal oorbetaal deur 'n elektroniese betaling via die internet te doen of per snapscan soos aan die einde van hierdie *Fokus* gegee. Ons betaal daaruit steeds elke Sondag 'n bedrag van R 1 000 oor aan die betrokke instansie of projek soos op ons program vir deurkollektes aangedui, sodat daardie werk ook kan voortgaan. Vandag, 26 Julie, gaan hierdie deurkollekte aan die NGK Vrystaat se "Vennootskap met kerke in Lesotho". Baie dankie vir jou bydrae en voorbidding.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

19 Julie	Lize van Wyk.
20 Julie	Sanet Grové, Stephan Diedericks, Liezl Klindt en Heike van den Berg.
21 Julie	Magriet van Wyk, Gerhard Coetzer, Jeannine v/d Berg, Johan Streicher, Bees Grobler, Audwin Laubscher en Philip du Preez.
22 Julie	Barend Bezuidenhout, Martina J v Vuuren, Klaas Kotzé, Coenie Hattingh en Eben van Rooyen.
23 Julie	Estelle Marais, Lientjie Kotzé, Ann Zietsman en Frans van Staden.
24 Julie	Jeanette Swanepoel en Ruan Foord.
25 Julie	Lida Malan, Stoffel du Raan, Mia Rossouw, Uli Weilbach en Ananda Schutte.

Ons dink in gebed aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis – tans trek hierdie Covid 19-pandemie ook deur Berg-en-Dal: Jan en Gertie Joubert (Kapt. Goodmanstr. 4, wyk 1b); Louis Oberholzer (); Coenie Hattingh (Winterstr. 1, wyk 6b); Marius en Ellen-Anne Swart (Lilyvaleweg 4A, wyk 12b); Pieter Kruger (Kapt. Dawsonstr. 2, wyk 1c); Tannie Corrie Barnard (Siësta A4, wyk 10); Oom Arnold de Goede (Kmdt. Senekalstr. 54, wyk 3a); Freek Coetzer (Kiepersol 18, wyk 16); Oom Gert Terblanche (Kapt. Goodmanstr. 5, wyk 1b); Tannie René v/d Walt (Siësta 39B, wyk 10); Tannie Mietsie Bezuidenhout (Poulteneystr. 12, wyk 6a); Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a) en Ina Snyman (Oliewenlaan 10, Noorderbloem, wyk 17).
Ons harte en gebede gaan na Koos Kritzinger (Bella Donna 17, wyk 12a), wie se skoonseun Ewart Batteson skielik 'n terugslag in sy gesondheid beleef het, en ook aan Gideon en Ronel van der Watt (Gratias 23, wyk 15c) – hul kleinseun Johannes van Lize-Marie-hulle is in Swede gebore, maar dit gaan tans nie goed met die kleinman.
Ons bid om die liefdevolle nabyheid van ons Vader.

Ons innige meelewing gaan aan die kinders en famile van Oom Koos van Zyl (DickieClarkstr. 25, wyk 5b) wat Vrydagoggend vroeg skielik oorlede is. Sy gedenkdiens is komende Vrydagoggend, 24 Julie om 11:00 in Berg-en-Dal. Jan Davel (Dan Pienaarrylaan 50, wyk 11a) se suster is ná 'n siekbed met kanker oorlede; ons dink aan hom en Hermien. Carmen en Manie Linde (Morganstr. 15, wyk 6a) se ma is ook hierdie week onverwags oorlede – mag daar vir al hierdie families troos wees.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES
Die Mannegebedsgroep tree steeds vir ons gemeente, land en mense in – kontak ds. Johan indien jy ook die gebedsversoeke per whatsapp wil ontvang.
'n Gemeentegebedsgroep bid gereeld saam oor aktuele sake vir ons land – kontak Elise Ferreira (082 846 2574) om meer inligting te ontvang.

Die Woensdagaand-Bybelstudiegroep hervat hul reis deur die **Klein Profete** op **22 Julie 2020** aanlyn. 'n Kort uiteensetting van die tema of teks word per video en/of stemboodskap op whatsapp aangestuur en daarmee saam 'n werksbladsy vir jou stiltetyd. Ons begin komende Woensdag met **Miga** – indien jy hierby wil inskakel en die inligting ontvang, stuur 'n boodskap/sms/whatsapp aan ds. Jan by 082 784 9362.

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg:

Wyke 1-10	– ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20	– ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig – ook in hierdie baie beproewende tyd. Indien daar 'n behoefte vir ondersteuning of 'n pastorale gesprek is, kontak ons gerus – moenie alleen in stilte swaarkry nie.

Gasvryheidsbeurte, sorg-en-omgee: Wyk 3 en 4 is in Julie aan diens – dankie!

Kerkkantoor en personeel: Kantore nog gesluit, maar ons werk almal van die huis af en is vir navrae beskikbaar; kontak ons gerus op die selnommers soos op die Almanak.

BEDIENINGE

Bedieningsvergaderinge:
Om alle aspekte van ons gemeentelike lewe en -bediening in hierdie onsekere tyd te beplan en bestuur, het ons die afgelope week met ons bedieningsvergaderinge aanlyn begin – dit was goed om mekaar "te sien" en goeie gesprekke is gevoer. Dankie vir almal se inskakeling en hulp met projekte. Die volgende vergaderings is:

Komitee vir Eiendomme:	20 Julie, 18:00
Gemeentebediening:	Uitgestel.
Komitee vir Diensverhoudinge:	22 Julie, 18:00

Ná afloop van die bedieningsvergaderings, sal die Kerkraad ook vergader.

JEUGBEDIENING
Kategese: Inligting vir Juniors tot Graad 7 word na ouers uitgestuur; Seniors (Gr 8-10) ontvang hul kategesemateriaal op hul fone; die twee Belydenisgroepe sal by verdere kennisgewing hervat – ons wag op die oomblik veiligheidshalwe eers 'n bietjie.

GETUIENISBEDIENING (met brood en Woord)
Noodleniging: Berg-en-Dal gaan voort met verskeie hulpprojekte by instansies soos ENGO en Bloemshelter, maar ook individuele gevalle in die Covid 19-krisis – indien jy wil help, kontak die leraars. 'n Finansiële bydrae tot ons Noodfonds kan ook gemaak word by ABSA Tjekrek. 470-580-011 (NG Gemeente Berg-en-Dal). Verwys: Noodfonds.

www.bergendalkerk.co.za

SnapScan